# Afkappingsteken



## Graad 4: Afrikaans

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Afkappingsteken

Die afkappingsteken word gebruik by woorde wat eindig op **-i**, **-o**, **-u** as ons dit in die meervoud of verkleining skryf.

<u>Voorbeeld:</u>

foto - foto’s - foto’tjie          taxi - taxi’s - taxi’tjie






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Afkappingsteken

Die afkappingsteken word gebruik by woorde wat eindig op ‘n **beklemtoonde -a** as ons dit in die meervoud of verkleining skryf.

Voorbeeld:

ma - ma’s        hoera - hoera’s        Van Breda - Van Breda’s





Kopiereg ©

# Afkappingsteken

Alle **eiename** wat eindig op 'n -**s**, -**e**, -**z**, maar **nie uitgespreek** word nie, kry ook in die meervoud en verkleining 'n afkapping.

Voorbeeld:

Du Plessis



Du Plessis's



Du Plessis'tjie



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Afkappingsteken

Alle **letters** en **syfers** word in die meervoud en verkleining met afkappingstekens geskryf.

Voorbeeld:

b - b’s - b’tjie        l - l’e        3 - 3’s - 3’tjie



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Afkappingsteken

Alle **afkortings** word in die meervoud en verkleining met afkappingstekens geskryf.

Voorbeeld:

TV's - TV'tjie

KWV's - KWV'tjie






Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Afkappingsteken

Afkappingstekens word ook gebruik om aan te toon dat **een of meer letters weggelaat is**.

Voorbeeld:



- Wie **s’n** is dit? (Wie **se potlood** is dit?)
- **Hy’t** so groot geskrik; **hy’s** skoon lam. (**Hy het** so groot geskrik **hy is** skoon lam.)
- **Daar’s** ‘n slang in die gras. (**Daar is** ‘n slang in die gras.)





Laerskool Mil g ©